iPharma

# MYOPRIN 100 mg

**PATIENT INFORMATION LEAFLET**

**SCHEDULING STATUS**
S2

Myoprin 100 mg tablets
Aspirin
Myoprin contains sugar (40,0 mg lactose monohydrate per tablet)
Myoprin contains sweetener (saccharin sodium 1,00 mg per tablet)

**Read all of this leaflet carefully because it contains important information for you**
Myoprin 100 mg is available without a doctor's prescription, for you to maintain your health. Nevertheless, you still need to use Myoprin carefully to get the best results from it.
- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- Do not share Myoprin with any other person.
- Ask your healthcare provider or pharmacist if you need more information or advice.

**What is in this leaflet**
1. What Myoprin is and what it is used for
2. What you need to know before you take Myoprin
3. How to take Myoprin
4. Possible side effects
5. How to store Myoprin
6. Contents of the pack and other information

**1. What Myoprin is and what it is used for**
The active ingredient is 100 mg acetylsalicylic acid (aspirin) and is a platelet aggregation inhibitor.

**Myoprin is used:**
- To reduce the risk of myocardial infarction (heart attack) in patients with unstable angina or in patients who have had a previous myocardial infarction.
- To reduce the risk of recurrent transient ischaemic attacks or stroke in men who have had transient ischaemia of the brain due to fibrin platelet emboli.
- To reduce the risk of graft occlusion following aortocoronary by-pass surgery.

**2. What you need to know before you take Myoprin**
If you are taking medicines on a regular basis, using this medicine at the same time with another medicine may cause undesirable interactions. Please consult your doctor, pharmacist or other health care professional for advice.
**If you are pregnant or breastfeeding your baby while taking Myoprin 100 mg please consult your doctor, pharmacist or other healthcare provider for advice.**

**Do not take Myoprin if:**
- you are hypersensitive to acetylsalicylic acid (aspirin) or any of the other ingredients of Myoprin (listed in section 6)
- you have an intolerance to aspirin (especially if you get asthma after you have taken aspirin)
- you have aspirin induced nasal polyps
- you have a heart condition or heart failure that is not well controlled
- you have active or history of recurrent ulcer/haemorrhage/ perforations
- you have a history of asthma caused by salicylates or substances with a similar action, notably non-steroidal anti-inflammatory medicines
- you have gout
- you have a tendency to bleed
- you have severe kidney problems
- you have severe liver problems
- you are taking methotrexate at doses of 15 mg/week or more
- you are 20 weeks or more pregnant or if you are breast feeding your baby

**Warnings and precautions**
**Take special care with Myoprin:**
- if you have a history of high blood pressure or heart failure
- if you have risk factors for heart conditions (high cholesterol, diabetes mellitus or smoking)
- if you are elderly – you have an increased frequency of adverse reactions to NSAIDs such as Myoprin, especially gastrointestinal perforation, stomach ulcer and/or bleeding
- stop using Myoprin if you suspect you have a stomach ulcer or stomach bleeding
- if you have a history of gastrointestinal diseases such as ulcerative colitis, Crohn's disease, hiatus hernia, gastro-oe sophageal reflux disease or gut problems
- if you have serious skin reactions, you should stop using Myoprin at the first appearance of skin rash, mucosal lesions or any other sign of hypersensitivity
- pre-existing asthma, hay fever, nasal polyps, or chronic respiratory disease. This also applies to patients exhibiting allergic reactions (e.g. cutaneous reactions, itching, urticaria) to other substances
- hypersensitivity to analgesics/ anti-inflammatory medicines/ antirheumatic medicines and in the presence of other allergies
- if your liver is not working properly
- if you are also taking ibuprofen for pain
- you may need to stop taking Myoprin a week before you have any surgery done, including dental surgery. Check with your doctor if you should stop taking Myoprin and when you should start taking it again after you have had the surgery
- if you are due for routine surgery or certain anaesthetic procedures such as spinal or epidural anaesthesia. Myoprin reduces the ability of your blood to clot for one week after the last dose. Tell your doctor that you are taking Myoprin
- viral infections such as influenza A, influenza B and varicella in children and adolescents under the age of 18. Should persistent vomiting occur with such diseases, this may be a sign of Reye's syndrome
- with other blood thinning products
- with other medicines for reducing uric acid
- if you have anaemia
- if you develop symptoms such as a high body temperature, widespread rash, swollen glands or facial swelling. This reaction can also include kidneys, liver, and heart dysfunction as well as blood test results (for example an abnormal increase in the number of disease-fighting white blood cells.)
- if you are 20 weeks or more than 20 weeks pregnant, taking Myoprin may cause serious kidney problems in your unborn baby. This may cause a delay in your baby's lung development as well as may result in limb disabilities

**Other medicines and Myoprin**
Always tell your healthcare provider if you are taking any other medicine.
*(This includes all complementary or traditional medicines.)*
*If you are taking any of the following medicines, please consult your healthcare provider:*
- Methotrexate
- Ibuprofen
- Anticoagulants, thrombolytics/other inhibitors of platelet aggregation/hemostasis
- Other non-steroidal anti-inflammatory medicines with salicylates at high doses
- Selective serotonin reuptake inhibitors (SSRIs)
- Digoxin
- Antidiabetics e.g. insulin, sulphonylureas
- Diuretics in combination with acetylsalicylic acid at higher doses.
- Systemic glucocorticoids, except hydrocortisone used as replacement therapy in Addison's disease
- Angiotensin converting enzyme inhibitors (ACE) in combination with acetylsalicylic acid at higher doses
- Valproic acid
- Alcohol
- Uricosurics such as benzbromarone and probenecid.

**Myoprin with food and alcohol**
Myoprin should be taken with food.
Concomitant use of Myoprin with alcohol will increase damage to gastrointestinal mucosa and prolong bleeding time.

**Pregnancy, breastfeeding and fertility**
If you are pregnant or breastfeeding, think you may be pregnant or are planning to have a baby please consult your doctor, pharmacist or other healthcare provider for advice before taking Myoprin.
You should not take Myoprin if you are 20 weeks or more pregnant, unless you are advised to do so by your healthcare provider.
Regular or high doses of Myoprin during late pregnancy can cause serious complications in the mother or baby.
Do not breastfeed your baby if you are taking Myoprin.

**Driving and using machines**
It is not always possible to predict to what extent Myoprin may interfere with your daily activities. You should ensure that you do not engage in driving a vehicle or use machines until you are aware of the measure to which Myoprin affects you.
Some of the symptoms that you may experience with chronic Myoprin overdose include dizziness, tinnitus, deafness, nausea, headache, vomiting and mental confusion.

**Myoprin contains lactose monohydrate**
If you have been told by your doctor that you have an intolerance to some sugars, contact your doctor before taking Myoprin.

**3. How to take Myoprin**
Do not share medicines prescribed for you with any other person.
Always take Myoprin exactly as described in this leaflet or as your doctor, pharmacist or nurse has told you. Check with your doctor, pharmacist or nurse if you are not sure.
The usual dose is one tablet daily at the same time each day with a meal.
You should swallow the whole tablet with some liquid.
In some circumstances a higher dose may be appropriate, especially in the short term, and up to 300 mg daily may be used on the advice of a doctor.

**If you take more Myoprin than you should**
In the event of overdosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, contact the nearest hospital or poison centre.
Symptoms of overdose may include dizziness, ringing in the ears, deafness, sweating, nausea, headache, vomiting and mental confusion. Symptoms of acute or severe intoxication following overdose includes hyperventilation, fever, ketosis, respiratory alkalosis and metabolic acidosis.

**If you forget to take Myoprin**
Do not take a double dose to make up for forgotten individual doses.

**If you stop taking Myoprin**
Do not stop taking Myoprin without speaking to your doctor.

**4. Possible side effects**
Myoprin can have side effects.
Not all side effects reported for Myoprin are included in this leaflet.
Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while taking Myoprin, please consult your healthcare provider for advice.

**If any of the following happens, stop taking Myoprin and tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital:**
- swelling of the hands, feet, ankles, face, lips and mouth or throat, which may cause difficulty in swallowing or breathing,
- rash or itching,
- fainting.

These are all very serious side effects. If you have them, you may have had a serious reaction to Myoprin. You may need urgent medical attention or hospitalisation.

**Tell your doctor if you notice any of the following:**
*Frequent side effects*
- nausea, stomach pain or discomfort, indigestion or heartburn
- liver damage

*Less frequent side effects*
- bleeding in the brain
- gastrointestinal tract (from the mouth to the rectum) bleeding
- inflammation in the stomach, stomach ulcer or bleeding stomach ulcer
- localised bleeding outside of blood vessel, increased risk of bleeding
- unusual bleeding, such as coughing up blood, nose bleeding, blood in your vomit or urine, or black stools
- impaired liver function
- hives, swelling in lower legs, skin eruptions
- swelling in the arms or legs, high blood pressure, heart failure
- cramps in the lower respiratory tract, asthma attack
- runny nose
- breathing difficulty
- severe diarrhoea, vomiting, winds (flatulence), constipation
- ulcerative stomatitis, exacerbation of colitis and Crohn's disease, gastritis
- severe skin reactions such as blistering and peeling and life-threatening forms Stevens-Johnson syndrome

*Frequency unknown side effects*
- If you develop flu-like symptoms with a high body temperature, widespread rash, swollen glands, facial swelling and abnormal blood results (Drug Reaction with Eosinophilia and Systemic Symptoms (DRESS)).

If you notice any side effects not mentioned in this leaflet, please inform your doctor or pharmacist.

**Reporting of side effects**
If you get side effects, talk to your doctor, pharmacist or nurse. You can also report side effects to SAHPRA via the **"Adverse drug reaction and product quality reporting"** on https://primaryreporting.who-umc.org/ZA (accessed through https://www.sahpra.org.za/). By reporting side effects, you can help provide more information on the safety of Myoprin.

**5. How to store Myoprin**
Store all medicine out of reach of children.
Store at or below 25 °C in a dry place.
Foil strips should be kept in the outer carton until required for use.
Do not use the tablets after the expiry date shown on the container.
Return the expired medicine to your pharmacist for safe disposal.

**6. Contents of the pack and other information**
**What Myoprin contains**
The active ingredient is acetylsalicylic acid (aspirin) 100 mg per tablet.
The other ingredients are calcium carbonate heavy, citric acid monohydrate, lactose monohydrate, maize starch, purified talc and saccharin sodium.

**What Myoprin looks like and contents of the pack**
Myoprin is a white, flat bevelled edge round tablet with break line on one side and plain on the other.
Foil strips consisting of plain aluminum foil and printed aluminum foil.
Myoprin 100 mg tablets are available in packs of 30 tablets (10 tablets per strip, with three strips inserted together with the package insert in an outer cardboard carton).

**Holder of Certificate of Registration**
iPharma (Pty) Ltd
124 Elevation Avenue, Randjesfontein
Midrand, 1683, SOUTH AFRICA, Tel: +27 11 314 2366

**This leaflet was last revised in:**
09 June 2022

**Registration Number:**
B/2.7/1117

The Full Professional Information Leaflet is available from iPharma (Pty) Ltd, please email info@ipharma.co.za to request a digital copy.

iPharma

# MYOPRIN 100 mg

**PASIËNTINLIGTINGSBLAD**

**SKEDULERINGSTATUS**
S2

Myoprin 100 mg tablette
Aspirien
Myoprin Bevat suiker (40,0 mg laktosemonohidraat per tablet).
Myoprin bevat versoeter (1,00 mg natriumsakkaraat per tablet)

**Lees hierdie hele blad noukeurig deur omdat dit belangrike inligting vir u bevat.**
Myoprin 100 mg is sonder 'n dokter se voorskrif vir u beskikbaar om u gesondheid in stand te hou. U moet Myoprin nogtans versigtig gebruik om die beste resultate daaruit te verkry.
- Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- Moenie Myoprin vir enigiemand anders gee nie.
- Vra vir u gesondheidsorgverskaffer of apteker as u nog inligting of raad nodig het.

**Wat in hierdie blad is**
1. Wat Myoprin is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u Myoprin drink
3. Hoe om Myoprin te drink
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om Myoprin te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting

**1. Wat Myoprin is en waarvoor dit gebruik word**
Die aktiewe bestanddeel is 100 mg asetielsalisielsuur (aspirien) wat 'n remmer van bloedplaatjie-aggregasie is.
**Myoprin word gebruik:**
- Om die risiko vir miokardiale infarksie (hartaanval) te verlaag in pasiënte met onstabiele angina of in pasiënte wat voorheen 'n miokardiale infarksie gehad het.
- Om die risiko vir terugkerende kortstondige iskemiese aanvalle of beroerte in mans wat vanweë emboli van fibrienplaatjies kortstondige iskemie van die brein gehad het te verlaag.
- Om die risiko van okklusie van die oorplanting na aorta-koronêre omleidingsoperasie te verlaag.

**2. Wat u moet weet voordat u Myoprin drink**
As u medisyne op 'n gereelde basis gebruik, kan gebruik van hierdie medikasie saam met ander medisyne ongewensde interaksies veroorsaak. Raadpleeg jou dokter, apteker of ander gesondheidskundige asseblief om raad.
**As u swanger is of u baba borsvoed terwyl u Myoprin 100 mg drink, moet u asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidskundige om advies vra.**

**Moenie Myoprin drink nie as:**
- u hipersensitief (allergies) vir asetielsalisielsuur (aspirien) of vir enige van die ander bestanddele (gelys in afdeling 6) van Myoprin is.
- u 'n intoleransie vir aspirien het (veral as u asma kry nadat u aspirien gedrink het)
- u neuspoliepe het wat deur aspirien veroorsaak word
- u 'n harttoestand of hartversaking het wat nie goed beheer word nie
- u aktiewe terugkerende ulkusse/bloeding/perforasie of 'n geskiedenis daarvan het
- u 'n geskiedenis het van asma geïnduseer deur salisilate of verbindings met soortgelyke werking, veral nie-steroïed anti-inflammatoriese middels (NSAIM's)
- u jig het
- u geneig is om te bloei
- u erge nierprobleme het
- u erge lewerprobleme het
- u metotreksaat teen dosisse van 15 mg/week of meer drink
- u 20 weke of meer swanger is of as u u baba borsvoed

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**
**Wees veral versigtig met Myoprin:**
- as u 'n geskiedenis van hoë bloeddruk en/of hartversaking het
- as u risikofaktore vir hartsiektes het (hoë cholesterolvlakke, diabetes mellitus of rook)
- as u bejaard is - u het 'n hoër frekwensie van newe-reaksies op NSAIM's soos Myoprin, veral gastro-intestinale perforasie, maagswere en/of bloeding.
- hou op om Myoprin te gebruik as u vermoed dat u maagsweer of maagbloeding het
- as u 'n geskiedenis het van gastro-intestinale siektes soos ulseratiewe kolitis, Crohn se siekte, breuk, gastro-oesofageale reflukssiekte of dermprobleme
- as u 'n erge velreaksies het, moet u Myoprin met die eerste tekens van veluitslag, mukosale letsels of enige ander teken van hipersensitiwiteit staak
- bestaande asma, hooikoors, neuspoliepe of chroniese asemhalingsiekte. Dit geld ook vir pasiënte wat allergiese reaksies (bv. velreaksies, jeuk, urtikarie) op ander stowwe het
- as u hipersensitiwiteit vir pynstillers/anti-inflammatoriese medisyne/antirumatiese medisyne het en as daar ander allergieë is
- as u lewer nie behoorlik werk nie
- as u ook ibuprofeen vir pyn drink
- u moet dalk 'n week voordat u enige operasie ondergaan, waaronder tandheelkundige chirurgie, ophou om Myoprin te drink. Raadpleeg u dokter of u moet ophou om Myoprin te gebruik en wanneer u weer daarmee moet begin nadat u die operasie gehad het
- as u 'n roetine-operasie of sekere narkose-prosedures moet ondergaan, soos spinale of epidurale narkose. Myoprin verminder vir een week na die laaste dosis die vermoë van u bloed om te stol. Sê vir u dokter as u Myoprin drink.
- virusinfeksies soos influensa A, influensa B en varicella in kinders en adolessente onder die ouderdom van 18. Indien aanhoudende braking tydens sulke siektes voorkom, kan dit 'n teken van Reye se sindroom wees
- met ander produkte wat bloed dun maak
- met ander medisyne om uriensuur te verminder
- as u bloedarmoede het
- Indien jy simptome ontwikkel soos 'n hoë koors, wydverspreide uitslag, geswelde kliere of gesigswelling. Hierdie reaksie kan ook nier, lewer en hartdisfunksie, sowel as bloedtoetsuitslae (byvoorbeeld 'n abnormale verhoging in die aantal witbloedselle wat siekte beveg), insluit.
- Indien jy 20 weke of meer as 20 weke swanger is, kan die gebruik van Myoprin erge nierprobleme by jou ongebore baba veroorsaak. Dit kan lei tot 'n vertraging in jou baba se longontwikkeling, sowel as ledemaat gestremdhede

**Ander medisyne en Myoprin**
Sê altyd vir u gesondheidsorgverskaffer as u enige ander medisyne gebruik
(dit sluit alle aanvullende en tradisionele medisyne in).
*As u een van die volgende middels gebruik, moet u u gesondheidsorgverskaffer asseblief raadpleeg:*
- Metotreksaat
- Ibuprofeen
- Antistolmiddels, trombolitiese middels/ander remmers van bloedplaatjie-aggregasie/hemostase
- Ander nie-steroïed anti-inflammatoriese middels (NSAIM's) met salisilate teen hoë dosisse
- Selektiewe serotonienheropnameremmers (SSHR's)
- Digoksien
- Antidiabetika, bv. insulien, sulfonielureums
- Diuretika saam met asetielsalisielsuur teen hoë dosisse
- Sistemiese glukokortikoïede, behalwe hidrokortisoon wat as vervangingsterapie vir Addison se siekte gebruik word
- Angiotensien-omskakelingsensiemremmers (AOER's) in kombinasie met asetielsalisielsuur teen hoë dosisse
- Valproësuur
- Alkohol
- Urikosuriese middels soos bensbromaroon en probenesied.

**Myoprin saam met voedsel en alkohol**
Myoprin moet met voedsel gedrink word.
Gebruik van Myoprin saam met alkohol sal die gastro-intestinale slymvlies beskadig en die bloedingstyd verleng.

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**
As u swanger is of borsvoed, dink dat u dalk swanger kan wees of beplan om 'n baba te hê, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg voordat u Myoprin drink.
U moet Myoprin nie drink nie as u in die laaste 3 maande van swangerskap is, tensy u gesondheidsorgverskaffer dit aanbeveel.
Gereelde of hoë dosisse Myoprin tydens laat swangerskap kan ernstige komplikasies vir die moeder of baba veroorsaak.
U moet nie borsvoed as u Myoprin drink nie.

**Motorbestuur en gebruik van masjinerie**
Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot watter mate Myoprin met u daaglikse aktiwiteite kan inmeng nie. U moet sorg dat u nie 'n voertuig bestuur of masjiene hanteer nie, totdat u weet hoe Myoprin u beïnvloed.
Van die simptome wat u met chroniese oordosis met Myoprin kan ervaar, is duiseligheid, tinnitus, doofheid, naarheid, hoofpyn, braking en verstandelike verwardheid.

**Myoprin bevat laktosemonohidraat**
As u dokter vir u gesê het dat u 'n onverdraagbaarheid vir sekere suikers het, moet u u dokter skakel voordat u Myoprin drink.

**3. Hoe om Myoprin te drink**
Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie.
Gebruik Myoprin altyd presies soos wat in hierdie blad beskryf word of soos wat u dokter of apteker vir u gesê het.
Raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige as u nie seker is nie.
Die gewone dosis is een tablet per dag op dieselfde tyd elke dag met 'n maaltyd.
U moet die tablet heel met water afsluk.
Die normale dosis vir langtermyngebruik is 75 - 150 mg een keer per dag.
Onder sekere omstandighede kan 'n hoër dosis gepas wees, veral op die kort termyn, en tot 300 mg per dag kan op advies van 'n dokter gebruik word.

**As u meer Myoprin gedrink het as wat u moes**
Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.
Simptome van oordosis kan duiseligheid, gelui in die ore, doofheid, sweet, naarheid, hoofpyn, braking en verwardheid insluit.
Simptome van akute of erge intoksikasie is onder meer hiperventilasie, koors, ketose, respiratoriese alkalose en metaboliese asidose.

**As u vergeet om Myoprin te drink**
Moenie 'n dubbele dosis drink om vir vergete individuele dosisse op te maak nie.

**As u ophou om Myoprin te drink**
Moenie ophou om Myoprin te drink sonder om eers met u dokter te praat nie.

**4. Moontlike newe-effekte**
Myoprin kan newe-effekte veroorsaak.
Nie al die newe-effekte wat vir Myoprin aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand versleg of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u Myoprin drink, moet u u gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg.

**Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om Myoprin te drink en onmiddellik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:**
- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel wat probleme met sluk of asemhaling kan veroorsaak
- veluitslag of jeuk
- floutes

Dit is almal baie ernstige newe-effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u 'n ernstige allergiese reaksie op Myoprin het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig het.

**Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:**
*Algemene newe-effekte*
- naarheid, maagpyn of -ongemak, slegte spysvertering of sooi brand
- lewerskade

*Minder algemene newe-effekte*
- bloeding in die brein
- bloeding in die spysverteringskanaal (vanaf die mond tot by die rektum)
- ontsteking in die maag, maagsweer of bloeiende maagsweer
- gelokaliseerde bloeding buite die bloedvat, groter risiko vir bloedings
- ongewone bloeding, soos om bloed op te hoes, neusbloeding, bloed in u braaksel of urien, of swart ontlasting
- swak lewerfunksie
- galbulte, swelling in onderbene, veluitbarstings
- swelling in die arms of bene, hoë bloeddruk, hartversaking
- krampe in die onderste lugweë, asma-aanval
- loopneus
- probleme met asemhaling
- erge diarree, braking, winde (winderigheid), hardlywigheid
- ulseratiewe stomatitis, verergering van kolitis en Crohn se siekte, gastritis
- ernstige velreaksies soos blase en afskilfering en lewensbedreigende vorms, Stevens-Johnsonsindroom

*Frekwensie onbekend*
- Indien jy griep-agtige simptome ontwikkel met 'n hoë koors, wydverspreide uitslag, geswelde kliere, gesigswelling en abnormale bloedtoetsuitslae (Medisyne reaksie met eosinofilie en sistemiese simptome)

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

**Aanmeld van newe-effekte**
Praat met u dokter, apteker of verpleegkundige as u newe-effekte kry. U kan newe-effekte ook by SAHPRA aanmeld met die toepaslike vorm via die **"Adverse drug reaction and product quality reporting"** op https://primaryreporting.who-umc.org/ZA (verkry deur https://www.sahpra.org.za/). Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van Myoprin te gee.

**5. Hoe om Myoprin te bêre**
Hou alle medisyne buite bereik van kinders.
Bêre by of onder 25 ºC op 'n droë plek.
Die foeliestroke moet in die karton gehou word totdat dit benodig word.
Moenie die tablette na die vervaldatum op die karton gebruik nie.
Gee die vervalde medisyne vir veilige wegdoening terug aan u apteker.

**6. Inhoud van die pak en ander inligting**
**Wat Myoprin bevat**
Die aktiewe bestanddeel is 100 mg asetielsalisielsuur (aspirien) per tablet.
Die ander bestanddele is swaar kalsiumkarbonaat, sitroensuurmonohidraat, laktosemonohidraat, mieliestysel, gesuiwerde talk en natriumsakkaraat.

**Hoe Myoprin lyk en die inhoud van die pakkie**
Myoprin is 'n wit, plat, ronde tablet met skuins kante en 'n breeklyn op een kant en skoon op die ander.
Foeliestroke wat bestaan uit gewone aluminiumfoelie en gedrukte aluminiumfoelie.
Myoprin 100 mg-tablette is beskikbaar in verpakkings van 30 tablette (10 tablette per strook, met drie stroke saam met die voubiljet in 'n buitenste kartondoos).

**Houer van die registrasiesertifikaat**
iPharma (Edms) Bpk
Elevationlaan 124, Randjesfontein
MIDRAND, 1683, SUID-AFRIKA, Tel.: +27 11 314 2366

**Hierdie blad is laas hersien op:**
09 Junie 2022

**Registrasienommer:**
B/2,7/1117

Die volledige professionele inligtingstuk is beskikbaar by iPharma (Edms.) Bpk. Stuur 'n e-pos na info@ipharma.co.za om 'n digitale kopie aan te vra.